



Spraakterapie



Die storie van Meneer Tong - "r" klankie

Hier is 'n storie om die kinders te help met hul tong & lip spiere.

Die storie is in drukskrif en die tong & lip oefeninge is in hakkies.

Oefen die storie 'n paar keer per week.

Let op hoe die kind se tong & lip bewegings verbeter.

Hier is Meneer Tong. Hy maak die deur oop (wawyd oop mond) en kyk na buite (steek uit jou tong). Hy kyk eers regs en dan kyk hy links in die straat. (beweeg die tong van links na regs buite jou mond 'n paar keer, soos wat jy jou kind leer voor hulle oor die straat stap)

Meneer Tong het 'n goue vissie as 'n troeteldier. (blaas die wange op met lug en laat die lug uit "pop" uit die lippe)

Meneer Tong het ook 'n apie (maak 'n "apie gesig" deur jou tong tussen die onderste tande en lip te plaas) Die apie swaai heen en weer. (druk tong teen binnekant van wang aan elke kant x 3)

Meneer Tong hoor die melkman se perd gallop in die straat. (klik die tong om die "klik klak" klank van die perd se hoewe te maak.)

Die perd stop buite Meneer Tong se huis. (blaas die lug uit deur ontspanne lippe sodat hulle bewe soos 'n perd sin.

Meneer Tong koop melk vir sy kat en hond. Die hond lek die melk vinnig. (maak vinnige lek bewegings met jou tong soos 'n hond wat gulsig melk uit 'n piering lek. Steek tong lekker ver uit x 5)

Die kat lek stadig die melk op. (maak stadige klein lek bewegings met jou tong x 5)

Meneer Tong maak nou huis skoon.

Eers vee hy die vloer. (beweeg die tong van kant tot kant voor die onderste tande & lip verby, heen en weer)

Dan stof hy die plafon af. (beweeg die tong van voor na agter al langs die verhemelte van die mond, heen en weer)

Nou poleer hy die meubels. (beweeg die tong van kant tot kant al langs die boonste gedeelte van die tande van agterste tande aan die kant, oor die voorste tande en die ander kant se agterste tande)

Nou is Meneer Tong lis om vir sy vriende te gaan kuier.

Hy gaan kuier by Meneer "dun" tong; wie nie tuis is nie. (maak tong dun, deur om dit uit te steek so ver moontlik met 'n skerp puntjie)

Hy gaan kuier by Meneer "vet" tong; wie wel tuis is. (maak tong vet deur om dit slap uit te steek)

Meneer "vet" tong gee vir hom 'n gerolde lekker. (rol tong en lig die kante van jou tong op)
(die een is nogal moeilik vir baie kinders; hou aan probeer)

Dan gee Meneer "vet" tong vir hom 'n toffie (maak of jy 'n baie taai toffie kou, deur om jou mond hoeke somer lekker op te trek, eers die linkerkant en dan die regterkant)

Toe gee Meneer "vet" tong vir hom 'n swart "nickerball" (maak of jy 'n baie harde lekker suig, jou wange behoort somer na binne te trek, amper soos wanneer jy iets suur suig)

Na 'n baie besige lang dag gaan Meneer Tong uiteindelik huis toe.